My Geloofbelofte-offer Verbintenis 2017-2018

Ek onderneem om die volgende sendeling/sendelinge, en of die algemene fonds te ondersteun (maandelikse bedrag):	
Christo en Deleste Wooding—VGK Kokstad/Transkei Sending	R ☐
Pierre en Sugnet van Wyk—GAP	R ☐
Stephan en Keiko Smithdorff—OM Japan	R ☐
Algemene Fonds	R ☐
My maandelikse manier van bydra:	
Per debietorder/bankdeposito/elektroniese betaling direk aan sendeling	☐
Per debietorder/bankdeposito/elektroniese betaling in GBO rekening	☐
My GBO na die erediens te bring	☐
My Besonderhede :	
Voornaam en Van:	
Woonadres:	
Posadres (Indien Anders):	
Selnommer:	
E-pos Adres:	
Baie dankie vir jou GBO betrokkenheid!	

Geloofbelofte-offer (GBO) Verbintenis Okt 2017 –Sep 2018

NG Kerk Uitenhage Noord

Wat is die GBO?

Die GBO stelsel is 19 jaar terug vir die eerste keer in die gemeente ingestel nadat ‘n behoefte ontstaan het om sendelinge en sending-inisiatiewe op ‘n individuele basis te ondersteun. GBO-fondse word aangewend vir werk **BUITE** die gemeentegrense en op die manier word daar uitvoering gegee aan die sendingopdrag. Op hierdie manier word u ‘n vennoot van sendelinge en in sendingprojekte. Die GBO is ‘n beproefde metode wat baie suksesvol dwarsoor die wêreld in kerke en gemeentes gebruik word om fondse vir sendelinge en sending-inisiatiewe in te samel.

Wat is die beginsels van die GBO?

Die GBO onderskei homself van ander finansiële bydraes op die volgende maniere: dit word in biddende afhanklikheid van die Here en in vertroue op Hom vooruit belowe; dit is ‘n ekstra offer bo- en behalwe die gewone maandelikse dankoffer; dit is ‘n persoonlike verbintenis aan die Here alleen; dit word gedoen in geloofsvertroue en in gehoorsaamheid aan Hom met die vertroue en verwagting dat Hy elke maand dit wat beloof is, sal voorsien. Dit verg ‘n voort-durende bewustheid van ons afhanklikheid van die Here en die verskillende maniere hoe hy ons kan en wil seën. Wat die GBO nie is nie: dit is nie ‘n truuk of foefie nie; daar is geen emosionele druk nie; dit is nie ‘n verbintenis aan mense nie, maar aan God; dit is ook nie ‘n kontant kollekte nie.

Waarvoor word bygedra?

Ons gemeente het drie voltydse sendelinge wat vanuit die gemeente ondersteun word te wete Christo en Deleste Wooding (Transkei Sending), Stephan en Keiko Smithdorff en hulle kinders (OM Japan) en Pierre en Sugnét van Wyk en hulle kinders (GAP-Go and Proclaim). Daar word vir spesifieke sendelinge bygedra en of vir die algemene fonds. Uit die algemene fonds word die tekorte op sendelinge se begrotings aangevul en ander sending-projekte ondersteun wat die visie van die gemeente, naamlik om dissipels te maak, ondersteun. Die Omgee- en Uitreik-bediening, onder toesig van die Gemeenteraad, besluit waarvoor die fondse in die algemene fonds aangewend word. André en Sanet Brink van CEF word ook elke maand met ‘n bedrag van R500 uit die algemene fonds ondersteun.

Hoe werk dit?

Elke jaar met die aanvang van die laaste kwartaal gedurende Oktober word die gemeente ingelig oor die werksaamhede en behoeftes van sendelinge en sending-projekte. Lidmate kry dan die geleentheid om te bid en te besin oor hulle betrokkenheid, en wat die aard daarvan moet wees. Gedurende die laaste Sondag van Oktober kry lidmate dan die geleentheid om die GBO vorm te voltooi.

Stephan en Keiko Smithdorff—OM Japan

Imagine a town of 80,000 people, but only 40 Christians. You don't have to look too far... Just come to visit our town, Tome! Most of the believers are between 60 - 80 years old. Except for our kids, there are no other Christian children in town. So when our Summer Outreach team arrived, suddenly there was LIFE in Tome! Among other things, we did programs at elderly homes, arranged a town festival for children, and running a 3-days English Kids Camp. What a joy to see the kids learning more about God's love, improving their English, and having fun with water-games, BBQ, fireworks, and especially the Treasure Hunt, which was again the hit of the camp! Would you please join us to pray for the children and young people in Tome? That they will hear Jesus saying to them, “Come ‘To Me’!”

We want to see vibrant communities of Jesus followers among the least reached. The reality is that we are living among one of the biggest least reached people groups in the world. Japan has less than 0.4% Evangelical Christians, and that figure is declining! There are literally 100’s of towns in Japan without a single church or follower of Jesus. In many towns the small churches as literally dying out (because of old age). If we want to see many more vibrant communities of Jesus followers in Japan, we will have to see an increase of missionaries coming to Japan, as well as an increase in our prayer efforts for this nation! This year we are blessed with 6 new missionaries who joined OM Japan, with another 2 coming next month. At the moment OM Japan has around 30 adult members (+20 missionary kids!), working in 5 different prefectures. Please pray that God will help us to become more effective in seeing more Japanese Jesus followers and more vibrant communities of believers! It is really with deep gratitude from our hearts that we want to thank each one of you for your prayers, encouragement and financial support. Our prayer is that God will continue to strengthen you in your journey with Jesus. With much Love.

Stephan, Keiko, Mose, Ema and Yohan

Kontakbesonderhede

Stephan en Keiko Smithdorff
OM Japan Tel: +81 803 046 0452 E-pos: sksmithdorff@gmail.com
OM Japan Webwerf: http://omjapan.org/en/
Bank: S Smithdorff, Standard Rek 084766050, Tak 050416

GAP MINISTRIES

Pierre, Sugnet, Pieter en Eldi van Wyk (GAP)

Hierdie jaar is vir ons ’n besonderse mylpaal in ons bediening. Die einde van die jaar is dit 21 jaar dat ons voltyds in die bediening is om dit wat die Here in ons harte gelê het in gehoorsaamheid te kon uitleef. Dit was alleen moontlik met baie mense se getroue ondersteuning oor ’n baie lang tyd. Ons beskou dit as ’n voorreg en ons is baie dankbaar daarvoor. Ons bevind ons weer in ’n fase waar ons ervaar daar moet weer ’n klemverskuiwing kom. Ons begeerte is om nader te beweeg na ons oorspronklike roeping van wêreld evangelisasie. Dit impliseer dat ons minder by plaaslike transformasie inisiatiewe betrokke sal wees en dalk meer op ‘n korttermyn basis by evangelisasie werk elders en daarmee saam gebedsmobilisering. Wat dit presies behels en waar dit gaan wees weet ons tans nie, maar ons vertrou die Here dat hy met tyd sal leiding gee.

In die lig van die krisis waarin ons land is, en die geestelike nood wat bestaan is ons steeds toegewyd om deur ons onderskeie aksies ‘n verskil te maak daaraan, en om ander te help om dit ook te doen. Areas waarop ons fokus is die volgende. **Gebed**: Die toerusting van gelowiges om met groter insig te kan voorbidding doen vir die geestelike en fisiese nood in ons gemeenskappe, ons land, en in die wêreld. **Evangelisasie**: Die verspreiding van evangelisasie-materiaal en hulp aan plaaslike kerkleiers met die hou van uitreike, dissipelskap-opleiding en kerkplanting. **Praktiese Hulpverlening**: Vestiging van tuinbouprojekte en hulp aan gemeenskapswerkers wat met ‘n verskeidenheid projekte besig is. **Transformasie**: Ondersteuning van die plaaslike transformasie-inisiatiewe onder andere die Nehemia Visie van die “Nelson Mandela Bay Transformation Christian Network''. **Prediking**: Sugnet preek op uitnodiging in verskeie gemeentes, by ander geleenthede en met tye bo in die Elandsriviervallei.

Baie dankie en baie groete
Pierre, Sugnét, Pieter en Eldi van Wyk

Kontakbesonderhede
Pierre 0833703592; Sugnet 0834014517; Huis 041-9228308
E-pos: outreach@global.co.za www.goandproclaim.co.za
Bank: ABSA; Rekening Naam: Go and Proclaim Trust; Nr.: 4056657942

GBO Deur die Geskiedenis

Albert Benjamin Simpson word deur baie skrywers beskou as die oorspronklike outeur van die “Faith Promise Offering”. Hy was ’n Kanadese predikant met ’n passie vir wêreld-evangelisasie en die stigter van die Nyack College in die hartjie van New York wat vandag nog teologiese studente oplei waarvan baie van hulle sendelinge word. Hieronder volg enkele verwysings na ’n hoofstuk met die titel : “The support of the church or the principle of true spiritual giving. “ Dit kom uit ’n boek wat hy in 1890 geskryf het. As ons verby die Engels wat in daardie jare geskryf is kan kom, is daar ’n paar waardevolle riglyne vir ons vandag. Hy gebruik die gedeelte uit 1Kor 16 v 1-3 as agtergrond vir sy motivering. In die Engels van toeka klink dit soos volg : "Now, concerning the collection for the saints, as I have given order to the churches of Galatia, even so do ye. Upon the first day of the week let every one of you lay by him in store as God hath prospered him, that there be no gatherings when I come. And when I come, whomsoever ye shall approve by your letters, them will I send to bring your liberality unto Jerusalem”. Simpson gaan dan voort om beginsels vas te lê waarvan ons slegs enkeles uitlig:

Na die eerste riglyn verwys hy as die “**The divine law of giving”**. Hier meld hy die volgende na aanleiding van wat Paulus geskryf het: “He speaks of the matter here as an order which he has given to the churches of Galatia, and which he now re-enacts in the church at Corinth. It is generally supposed that giving in the New Testament is left entirely to the impulse and good will of the individual Christian. This is excused under the plea of the larger freedom of the Gospel” Hy beredeneer dan verder dat ten spyte van min riglyne in die Nuwe Testament daar steeds ‘n oproep is vir gelowiges om volgens bepaalde riglyne by te dra. Hy stel dit baie sterk: “The New Testament Church, however, is not left without a definite law on the subject of giving. The "order'' which Paul gave to the churches of Galatia and Corinth is still binding upon us, and no Christian can expect God's blessing to rest on the spirit of stinginess and selfishness. Na die tweede riglyn wat hy neerlê verwys hy as die “**The devine method of giving”** Weer eens in die lig van die teksgedeelte meld hy die volgende "On the first day of the week let every one of you lay by him in store." Hy meld verder: “This clearly suggests systematic beneficence. It is not to be a matter of caprice or random impulse, but it is to be done regularly and periodically. It is to be done even when there is no urgent need appealing for help and no cause in distress addressing its claims to our sympathy. We are to have a fund always available for

the Lord's claims and the Lord's cause. While we are to recognize all we spend even upon ourselves and our families as spent for Him, we are to take a proper proportion of it, and set it aside to be available whenever needed for the special needs of the Lord's work. The advantages of this system are obvious. It prevents mere giving through excitement or haste. It makes our beneficence deliberate and conscientious, and it provides a fund which is always available, and which only makes it necessary for us to determine where the greatest need is." Simpson gaan dan voort en lig hy die standaard, behoorlike administrasie, die ingesteldheid waarmee dit gedoen word en die vrug daarvan verder uit. Hierdie riglyne herinner ons daaraan, en help ons om te besef dat vir sendingwerk om voort te gaan, daar steeds 'n ernstige oproep aan die gemeente is om dit moontlik te maak.

Geskiedenis van die GBO in die Gemeente

Die gemeente was van sy ontstaan af by sending betrokke en daardie betrokkenheid was en is 'n sterk "tradisie" wat nog altyd deel was van die hart en wese van die NG Kerk, en ook hierdie gemeente. Gedurende 1996 het daar 'n nuwe fokus in die gemeente se betrokkenheid by sending gekom deurdat daar, d.m.v. die Kommissie van Getuienis en Ekumene, begin is om fondse te begroot vir die ondersteuning van sendelinge en projekte wat in die gemeente "ontstaan'' het. Een van die eerste sendelinge wat op hierdie manier ondersteuning ontvang het, was Stephan Smithdorff wat 'n "gemeente-seun" is. Bakens op hierdie sendingreis van die gemeente was die **Eksodusfees** in 1997 in die binneshuise sportsentrum, die **Global Consultation on World Evangelization** (GCOWE) in 1997 in Pretoria wat deur 'n paar lidmate bygewoon is en "**Love Southern Africa"** in 1999 wat ook in die Binneshuise Sportsentrum aangebied is. Nog 'n mylpaal was die vestiging van die **Eksodus Sentrum** wat in die aanloop tot LSA sy onstaan gehad het en vir 'n hele paar jaar gefunksioneer het onder Lawrie Wilmot se leiding. Die **Eksodus Sentrum** het ook die platform gevorm vir ander bedieninge soos die **Blikkiesdorp Sopkombuis** wat tot onlangs toe nog gefunksioneer het en die plaaslike bediening van Pierre en Sugnét. Die GBO sisteem het vanuit die behoefte ontstaan om strukture daar te skep wat sou verseker het dat die gemeente se betrokkenheid by sending en die ondersteuning van sendelinge volhoubaar kon voortgaan. Ons is die Here dankbaar dat hierdie sisteem met gemeentelede se ondersteuning steeds die ruggraat vorm vir die ondersteuning van sendingprojekte en sendelinge. Ons het daarom vrymoedigheid om ons lidmate weer uit te nooi om biddend hulle betrokkenheid vir 'n volgende termyn te oorweeg.

Christo en Deleste Wooding
VGK Kokstad / Transkei Sending

"My Pa was sy lewe lank sendeling in Transkei en ek het grootgeword op `n sendingstasie. Van jongs af het ek geweet dat die Here my ook roep om vir Hom te werk in Transkei. Nadat ek my studies op Stellenbosch voltooi het, is ek in 1983 na Isilimela sendingstasie, aan die Wildekus, beroep en het daar vir 10 jaar gewerk. In 1993 is ons na Kokstad beroep, waar ons vandag nog werk en weet dat dit is waar die Here ons wil gebruik. Ons gemeente bestaan uit ongeveer 500 lidmate. Ons werk in `n baie groot gebied. Elke gemeente in Transkei bestaan uit `n hoofgemeente en buiteposte in die omgewing. Ons hoofgemeente is in Bhongweni, Kokstad se swartdorp geleë, en dan het ons nog sewe buiteposte in die omgewing, tot so 40km ver. Op die oomblik is ek die enigste leraar in ons ring en is dus konsulent by 7 gemeentes. Die verste punt waar ek werk is 160km van ons af.

Deel van ons werk is gewone gemeentebediening met alles wat daarmee saam gaan. Ons is egter ook betrokke met sendingwerk. Ongeveer 40% van Transkei se 5 miljoen mense is nog totale heidene. Hier is dus nog `n baie groot taak wat verrig moet word. Vanaf ons gemeentes en buiteposte bring ons die lig aan so baie wat nog in duisternis leef. Die Here seën die werk en daar is vrug op ons arbeid. Deur die jare kom mense tot bekering, word ons lidmate meer, word nuwe buiteposte gestig en kerke gebou. Hoewel die gewone Transkei mense in groot armoede leef, is hul baie vriendelike mense en ontvang ons altyd met liefde en respek. Daar is werklik nog `n groot geleentheid om die Evangelie aan die mense te bring.

Dankie weer eens vir u gebede en ondersteuning waarsonder ons nie hierdie werk in Transkei kan doen nie.

Vriendelike groete.

Christo en Delesté Wooding.

Kontakbesonderhede
Christo Wooding Kokstad V.G.K gemeente.
Huis: 039-7272215 Sel: 0823391666 E-pos wooding1@telkomsa.net
Bank: C.W.Wooding, FNB Rek 52720022012, Tak 220122
Webblad: www.goandproclaim.co.za/kokstad_vgk_gemeente.php